DF Fokus 5/2010

HOëRSKOOL D.F. MALHERBE

Tel.: 041-5813145 **E-pos**: dfm@telkomsa.net
Faks: 041-5813118 **Datum:** 2 Junie 2010

****

GELUKWENSINGE

Hartlik geluk aan die volgende Malherbiete en hul ouers:

"Performing Arts": Udo Wagener het gekwalifiseer as 'n finalis vir die SA kampioenskappe.

Fietsry: Monique Gerber en Marinus Prinsloo het die afgelope naweek in die Junior afdeling van die OP Kampioenskap deelgeneem en die volgende uitslae behaal: Monique, Goud in Tydtoets en Padwedren en Marinus, Goud in Tydtoets en Silwer in "Hill Climb" en Padwedren.

Debat: 3 Juniorspanne het aan die ATKV Nasionale Debatkompetisie se streeksuitdunne deelgeneem**.** Talita Booyens, Roelien Redelinghuys en Chris Hattingh was 'n inleidende span en het hulle goed van hulle taak gekwyt. Die ander inleidende span, bestaande uit Debrê Scheepers, Amaryne Buys en Jan-Stephan Scholtz het hul debat gewen. Die opponerende span Klara Lategan, Mercy Kannemeyer, Lize Coetzee het nie net hul debat gewen nie, maar is ook as algehele wenners aangewys. Hulle sal in Julie aan die interprovinsiale rondte tussen die Wes-Kaap, Suid-Kaap en Oos-Kaap deelneem.

Sang**:** Darné Claassen het aan die St Dominic's Priory sangkompetisie, "Strictly Come Singing", deelgeneem en het in die kategorie solo sang 'n algehele eerste plek behaal. Sy het o.a. 'n kontrak by De La Rey opname ateljee gewen, asook 'n fotosessie en sanglesse by Ulagh Williams.

Gedenkweek

Dankie aan almal wat ons Gedenkweek ondersteun het. Ons dink dit was nog 'n baie mooi hoogtepunt in ons jaar. Aan die ouers en leerders wat so hard gewerk het ook 'n baie groot dankie - julle is sterre waarop die hele D.F. Gemeenskap kan trots wees!

VCSV—BASAAR

Nog ’n groot dankie vir almal se samewerking, hulp en gebede. Dit was ‘n heerlike geseënde aand wat goed ondersteun is deur ouers, vriende en leerders. Die basaar ‘n mooi bedrag van R10 260.11 gelewer.

SKOOLKALENDERS VIR OPENBARE SKOLE 2011/2012

BINNELAND PROVINSIES (VRYSTAAT, GAUTENG, LIMPOPO, MPUMALANGA EN NOORD-WES)			**KUS PROVINSIES (OOS KAAP, KWAZULU-NATAL, NOORD KAAP EN WES KAAP)**		
2011		**2012**	**2011**		**2012**
1	(10) 12 Jan - 25 Maart	(16) 18 Jan - 30 Maart	1	(17) 19 Jan - 1 April	(9) 11 Jan - 23 Maart
2	11 April - 24 Junie	10 April - 22 Junie	2	11 April - 24 Junie	10 April - 22 Junie
3	18 Julie - 30 Sept	16 Julie - 28 Sept	3	18 Julie - 30 Sept	16 July - 28 Sept
4	10 Okt - 9 (13) Des	8 Okt - 7 (11) Des	4	10 Okt - 9 (13) Des	8 Okt - 7 (11) Des

Openbare en Skool vakansiedae 2011

1 Januarie	Nuwejaarsdag
21 Maart	Menseregtedag
22 April	Goeie Vrydag
25 April	Gesinsdag
26 April	Skole Vakansiedag
27 April	Vryheidsdag
1 Mei	Werkersdag
2 Mei	Publieke Vakansiedag
16 Junie	Jeugdag
17 Junie	Skole Vakansiedag
8 Augustus	Skole Vakansiedag
9 Augustus	Vrouedag
24 September	Erfenisdag
16 Desember	Versoeningsdag
25 Desember	Kersdag
26 Desember	Welwillendheidsdag

NB

A.g.v. die kort kwartaal en die feit dat ons tot op die laaste dag eksamen skryf, sal daar ongelukkig nie ‘n formele kwartaalsluiting wees nie. Die reëling t.o.v. skoolbesoek tydens die eksamen soos in ons brief van 21 Mei 2010 verduidelik bly dus van krag - leerders wie se ouers toestemming gegee het, hoef nie skool toe te kom op die dae dat hulle nie skryf nie.

YOUTH FOR UNDERSTANDING (YFU)

YFU is ‘n nie winsgewende opvoedkundige instansie en is dringend opsoek na persone wat uitruilstudente vir ongeveer ‘n jaar sal huisves. Die gasheer voorsien voedsel en akkomodasie terwyl YFU die skoolgeld, lewensversekering, medies, skool uniform ens. verskaf. Indien u beskikbaar is kontak asb 082 4643950 (Maria Hoffmann) of u kan ‘n e-pos aan yfu_pe@yahoo.com stuur.

Ons was bevoorreg om die afgelope jaar vir Irina Wetteborn as Duitse uitruilstudent by ons te hê. Aanstaande kwartaal gaan Trudie Fox Duitsland toe. Hierdie besoeke word gereël deur Youth for Understanding.

PERSONEEL

Mev E Mayne, wat ‘n deeltydse pos in Engels by ons beklee het, verlaat ons ongelukkig aan die einde van die kwartaal. Ons sê vir haar dankie vir die werk wat sy hier gedoen het, en wens haar net die beste toe vir die toekoms.

UITSLAE

MUURBAL: DF vs Westering: verloor 2-3. DF vs Framesby: wen 3-2. Ruan van Wyk, Hein Bosman en Ruan van den Heever het hul wedstryde gewen.

NETBAL: DF vs Linkside: o/19B wen 18-3; o/19A wen 38-15; o/14A wen 18-2, o/16A wen 26-4; o/16B wen 14-8; DF vs St Georges: o/19D wen 16-2; o/19C wen 22-1. DF vs Westering: o/14B wen 11-2; o/14A verloor 7-14; o/16C wen 12-11; o/16B wen 11-9; o/16A verloor 6-9; o/19B wen 16-10; o/19A wen 19-11. DF vs Despatch: o/14A verloor 11-12; o/14B verloor 13-14; o/16A verloor 5-13; o/16B wen 8-7; o/16C verloor 8-9; o/19A verloor 23-28; o/19B verloor 12-18; o/19C verloor 11-12.

SEUNSHOKKIE: DF vs Westville: o/16 verloor 0-1. DF vs HTS Newton: verloor 1-2. DF 1ste vs Linkside : verloor 1-2; DF 1ste vs Daniël Pienaar: verloor 2-3. DF 1ste vs Westering: verloor 0-5. o/16 vs Westering: verloor 1-3.

HENGEL: Dannika Didloff het aan die OP Ligtegerei-boothengel se "Bay"-liga deelgeneem. In beide ligas het sy tweede geëindig vir o/16 (enigste meisie). Sy het ook aan 'n onlangse liga deelgeneem en die enigste eetbare vis, 'n kabeljou van 24,25 kg, uitgetrek. Sy het die OP rekord vir juniors verbeter deur 'n blou pylstert van 17,0kg te vang en lewendig vry te laat. Tydens die PE Deepsea Angling Club se Super 6 kompetisie het sy die 4de en 5de liga gewen as junior en dameshengelaar. Met slegs 2 ligas lê sy derde op die ranglys vir diepsee hengel en kom in aanmerking vir OP Diepsee hengel.

LANDLOOP: Landloop te Gelvandale: Do/14: Jamie-Lee Schlemmer was die algehele wenner van die dogtersafdelings. Do/16: Bianca Liebenberg (6de) en Raylene Windvogel (5de). Do/17: Nikki de Ridder (9de), Aleesha Gerber (1ste), Marolene Gouws (4de). Do/19 Meake Brown (2de) en So/14 Nico Woest (7de). Landloop te Framesby: Do/14 Jamie-Lee Schlemmer wen met 3 sek. Sy doen die 3,94km in 15:29. Do/16 Raylene Windvogel (6de) en Bianca Liebenberg (8ste), Do/17 Aleesha Gerber (2de), Marolene Gouws (5de), Nikki de Ridder (9de). So/14 Nico Woest (6de), So/16 Gustav Rautenbach (9de) en So/19 Bennie Bellingan (6de).

RUGBY: DF vs Humansdorp Sekondêr: o/14 wen 17-14; o/15 wen 24-0; 4de wen 22-13; 3de wen 38-5; 2de verloor 14-28 en 1ste verloor 8-29. DF vs Westering: o/14B wen 12-5, o14/A verloor 0-69; o/15 wen 36-3; 3de wen 51-0; 2de wen 27-17 en 1ste verloor 8-13. DF vs Despatch: o/14 verloor 0-41, o/15 verloor 3-10; 4des verloor 0-28, 3des wen 17-10; 2des verloor 7-31 en 1stes verloor 13-38. DF vs HTS Newton: o/14 wen 20-16; o/15 wen 12-10; 3de wen 26-0; 2de verloor 3-12; 1ste verloor 17-24.

DOGTERSHOKKIE: DF vs Framesby: 1ste verloor 0-3. DF vs Theodor Herzl: 1ste verloor 1-4. DF vs Linkside: 1ste wen 5-0, 2de wen 3-1. DF o/16 vs Alex: verloor 0-2 en o/16B verloor 0-8. DF vs Alexandria: 2de span vs Alexandria 1ste: verloor 0-1; o/14 vs Strelitzia: gelykop 0-0. DF vs Westering: o/14 verloor 0-1; o/16B verloor 0-6; o/16A verloor 0-2; 2de verloor 0-6; 1ste verloor 0-4. DF vs Despatch: o/14 gelykop 0-0, o/16B verloor 0-3; 2des gelykop 0-0; 1stes wen 1-0. DF vs Riebeek College: o/16B verloor 0-5; o/16A verloor 0-7; 1stes verloor 0-2.

TENNIS: Seuns: 1ste vs Despatch: wen 28-23, vs Daniël Pienaar: verloor 16-34. 2de vs Despatch: wen 34-6; vs Daniël Pienaar: verloor 9-34.

Dogters: DF 1ste vs Collegiate en Westering en verloor beide.

BELANGRIKE DATUMS VIR DIE 3DE KWARTAAL

JULIE

9-12 1ste-span Rugby toer na Cambridge in Oos-Londen.
13 Skool Open. Wintersdrag. Dag 1
15 Voorbladnooi oefening
16 Rapporte uitdeel
17 Rugby/Netbal vs Otto du Plessis (W)
19 Voorbladnooi oefening
20 Sportfoto's
21 Bybelvasvra, Oueraand
22 Voorbladnooi oefening
23 ATKV - Redenaars halfeindrondte
24 ATKV - Debat Halfeindrondte
24 Rugby/Netbal/D/hokkie, S/hokkie vs Pearson (T)
26 Voorbladnooi oefening
27 Voorbladnooi oefening
28 Graad 9 Oueraand (Inligtingsaand)
29 Voorbladnooi oefening
31 Rugby/Netbal/D/hokkie vs Volkskool (T)

AUGUSTUS

2-14 Voorbladnooi oefening
4 Bybelvasvra, Leerlingraad nominasies
9 Vrouedag
10 Genomineerde Leerlingraad Fotoblad
13 Voorbladnooi kleedrepetisie
14 Voorbladnooi
17 Sirkus Leerlingraad
18 Stem Leerlingraad
19 Geesboufees, RTT Graad 12 Prakties
20 Interskole Nico Malan (W), Baldans Toetse/Eksamen, ATKV - Redenaarsfinaal (Buffelspoort)
21 Finaal v/d ATKV-nasionale debatskompetisie
23 Leerlingraad aankondiging
24 Gr 12 eksamen begin
25 Inhuldiging Leerlingraad, Sport Prysuitdeling
27-28 Baldanstoetse/Eksamen
27 Rugby/Netbal/D/hokkie Andrew Rabie (W)

SEPTEMBER

3 Leerlingraad Kamp (terug die 4de)
11 OOV Damestee
14 Toetsreeks (eindig die 23ste)
18 Skaaktoernooi (tot die 19de)
23 Skole sluit
24 Skudtember-fees

SIMPATIE

Karien Knoetze se pappie is oorlede na 'n lang siekbed. Ons simpatie aan haar en haar familie.

SKAAK: DF vs Muir: A-span gelykop 3 ½ elk. B-span verloor 1-6.

ATKV-NASIONALE REDENAARSKOMPETISIE: Christene du Toit het aan die senior kompetisie deelgeneem. Heather Baartman, Lize Coetzee, Jeandré Els, Mercy Kannemeyer en Gerrit Scholtz het ons in die junior afdeling verteenwoordig. Mercy het deurgedring tot die interprovinsiale rondte in Julie.

POGINGS TOT ONTVOERING
WALMER SAPD SAAK NR 295/5/2010

Daar is reeds 3 sake aangemeld en Laerskole en Hoërskole word geteiken. Die voertuig onder bespreking is 'n groen Tazz (registrasie onbekend) Kontak Insp. JP Nell 0820659118 as u so 'n verdagte voertuig opmerk. Hiermee verskaf ons belangrike reëls om toe te pas:

- Lig die leerder in oor algemene risiko's.
- Neem altyd kennis van die leerder se kleredrag en hoe laat hy die huis verlaat.
- Laat hulle altyd binne die skoolterrein wag tot hulle afgehaal word.
- Lig hulle in om enige verdagte voertuig te rapporteer.
- Moet nie dat leerders alleen loop nie.
- Moet nooit leerders alleen in 'n motor laat nie (al is dit net vir 'n paar minute).
- Plaas streng maatreëls rakende optel van kinders by skole/vriende ens.
- Luister na jou kind as hy vertel van iemand wat hulle ontmoet het as jy nie by was nie.
- Weet waar jou kind is te alle tye en hou 'n lys van telefoonnommers byderhand van sy/haar vriende.
- Leer jou kind om nooit die huis te verlaat sonder toestemming.
- Leer hulle om nie naam en adres oor die telefoon deur te gee nie en ook nie aan te dui dat hulle alleen is nie.
- Hou deure gesluit en laat alleenlik gemagtigde persone toe.
- Wanneer gebruik gemaak word van publieke vervoer - wees altyd in 'n groep en sit so na as moontlik aan die deur.
- Skreeu so hard jy kan al dreig hulle jou.

Veiligheidsreëls vir ouers:

- Die sleutel is kommunikasie. Let op as jou kind ongemaklik is naby sekere volwassenes.
- Laat hulle die gewone misleidende reëls verstaan bv.: navrae oor 'n verlore troeteldier, aanwysigings om by 'n plek te kom, beloftes van geld of lekkers as hulle sou saamry, afpersing - as hulle enigiets soortgelyks hoor moet hulle weet - maak jou uit die voete, gou!
- Vertrou op jou eie instink - as jy nie goed voel oor iemand nie - luister daarna.
- Indien jou kind opsoek is, maak seker by sy vriende/skool/sport ens. As jy steeds onsuksesvol is, kontak die polisie onmiddellik, daar is geen wagperiode om na 'n kind te soek nie.
- Maak ook seker dat as jy by 'n hek inry - wie by die hek staan en wag of daar in beweeg.

Vriendelike DF groete

P. HAUMAN
SKOOLHOOF

GOUE GEDAGTES

Deur jou seëninge te tel, sal jy nie
tyd oor hê om ander se gebreke
te tel nie.